

# KONINKRYK. SUPPLEMENT 10

## [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE HUISEIENAAR EN DIE ARBEIDERS EN DIE OES

“Die gelykenis van die huiseienaar” in Matteus 13:51-52  
en “die gelykenis van die arbeiders en die oes” in Matteus 9:35-38 is gelykenisse oor  
**GETUIG IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

### A. DIE GELYKENIS VAN DIE HUISEIENAAR

Lees Matteus 13:51-52.

Jesus vertel die gelykenis in die vorm van 'n *stelling*, die stelling gaan oor wie werklik Skrifgeleerdes is.

In die tyd van Jesus Christus was daar baie Skrifgeleerdes (rabbi's), wat deur ander Skrifgeleerdes opgelei was. Hulle het hul veral op die seremoniële wet gekonsentreer en op die vermenigvuldiging van die verklaringe en toepassings van hierdie wette. So het die “oorlewering (tradisie) van die oudstes” ontstaan (Matteus 15:2, sien les 25. Maar hierdie Skrifgeleerdes was in God se oë nie ware Skrifgeleerdes nie!

Jesus sê dat ware Skrifgeleerdes mans is wat goed in die sake van die koninkryk van God onderrig is! “Om onderrig te wees in die sake van die koninkryk van God” beteken letterlik: “'n dissipel te wees in die koninkryk van God”. “'n Dissipel” is 'n volgeling en 'n leerling van Jesus Christus, die Koning van die koninkryk! “Die koninkryk van God” is die soewereine koningskap van God deur middel van Jesus Christus in die harte en lewens van mense wat resulteer in hul volledige verlossing, hul samestelling tot die een wêreldwye Gemeente/Kerk en hul invloed in die samelewing in die teenswoordige tyd en die skepping van die nuwe hemel en die nuwe aarde na die wederkoms van Christus.

'n Ware Skrifgeleerde is 'n volgeling, nie van een of ander leraar (van die wet), teoloog of kerkgenootskap nie, maar van Jesus Christus. 'n Ware Skrifgeleerde het sy opleiding nie deur middel van onderrig in die oorleweringe (tradisies) van die oudstes (vroëre rabbi's) ontvang nie, maar deur middel van onderrig in alles wat betrekking het op die koninkryk van God! 'n Ware Skrifgeleerde erken (bely) God se soewereiniteit oor sy hart en lewe; hy volg Jesus Christus as dissipel en leer steeds van Jesus Christus, veral oor die sake van die koninkryk van God.

#### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

**Bespreek.** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

**Aantekeninge.**

**Die huiseienaar.** Hy beheer die eiendom en sake van die eienaar.

**Die voorraadkamer.** Dit is die berguimte waar alle waardevolle besittings gebêre word. In hierdie berguimte is ou dinge en nuwe dinge gebêre. Wanneer hierdie dinge benodig word, haal die huiseienaar dit te voorskyn. Hierdie elemente kan mens goed verstaan.

#### **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na die *aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf die *omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

##### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus hoofstuk 13.**

Matteus hoofstuk 13 bevat agt gelykenisse van Jesus. Gelykenisse wat nie verstaan word nie, bly “raaisels” vir mense (Matteus 13:11-15). Daarom vra Jesus, “Het julle dit alles verstaan?” (Matteus 13:51).

##### **(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 13:52.**

##### **(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis moet uit die illustrasie afgelei word.**

#### **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

**Inleiding.** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die

sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.**

**Die huiseienaar.** Dit is 'n relevant detail, omdat hy die ware Skrifgeleerde is, dit wil sê, hy verteenwoordig elke ware Bybelleraar of Bybelstudent. Die Skrifgeleerdes hier verteenwoordig dissipels van Jesus Christus, veral hulle wat voortkom uit die geleedere van die Ou-Testamentiese Skrifgeleerdes, dit wil sê, mense wat voorheen 'n "rabbi" of 'n Skrifgeleerde was. Later was die apostel Paulus 'n voorbeeld van so 'n Skrifgeleerde.

**Die voorraadkamer en sy skatte.** Hoewel hierdie elemente nie verklaar word nie, is hulle relevant en verteenwoordig die innerlike lewe van die mens met al die skatte daarin wat hy sy lewe lank versamel het. "Die ou dinge" is al die geestelike skatte wat hy deur sy studie van die Ou Testament bymekaargemaak het. "Die nuwe dinge" is al die geestelike skatte wat hy tydens sy navolging van Jesus Christus bymekaargemaak het en wat inmiddels in die Nuwe Testament opgeteken staan. Daar is baie skatte in die Ou Testament, soos byvoorbeeld God se trou, liefde en geregtigheid. 'n Ware Skrifgeleerde, dit wil sê 'n ware leraar of student van die Bybel is in staat om skatte uit sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament te voorskyn te bring. Hy is enersyds 'n student van die Bybel en andersyds 'n leraar van die Bybel wat hierdie ou en nuwe geestelike skatte aan ander leer.

---

#### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

**Bespreek.** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

**Die gelykenis van die huiseienaar in Matteus 13:51-52 gaan oor "dissipelskap in die koninkryk van God" en oor "getuig in die koninkryk van God."**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: "De lerare in God se koninkryk het die verantwoordelikheid en plig om die Ou Testament en die Nuwe Testament te bestudeer en alle skatte wat daarin verborge is aan die lig te bring. En hulle het die verantwoordelikheid en plig om hierdie skatte toe te pas op hul eie lewe en te onderrig aan ander mense."**

Dissipelskap en getuig is twee grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die leraars in God se koninkryk bestudeer die Bybel en bring alle skatte daarin aan die lig. Hulle behoort 'n goeie opleiding te ontvang, moet getrou vashou aan die ewige waarhede van die Bybel en in staat wees om hierdie waarhede toe te pas op die nuwe omstandighede wat hulle teëkom. En hulle het die verantwoordelikheid om wat hulle in die Bybel geleer het aan ander mense te onderrig.

---

#### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

**Inleiding.** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

**Ontdek en bespreek.** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

**Aantekeninge.**

**Esra 7:10.** Esra het sy hart op drie dissiplines gerig: Ten eerste het hy God se Woord bestudeer. Ten tweede het hy wat hy geleer het in sy eie lewe toegepas. Ten derde het hy God se Woord aan ander mense geleer. Die volgorde van hierdie drie dissiplines is belangrik vir elke leraar van die Bybel!

**Matteus 23:3-4.** Jesus het die Skrifgeleerdes van die Jode en die Fariseërs berispe, omdat hulleself nie gedoen het wat hulle aan ander mense geleer het nie! Dit is 'n waarskuwing vir elke leraar van die Bybel!

**Handelinge 20:18-27.** Paulus het 'n deursigtige lewe geleef wat deur ander mense geobserveer is. Hy het God in nederigheid gedien. Hy het ander mense die hele raadsbesluit of wil van God soos dit in die Ou en die Nuwe Testament opgetekend staan, geleer. Maar hy het niks geleer wat geen nut vir die toehoorders gehad het nie.

**1 Korintiërs 4:6.** Hy het hom beperk tot wat daar duidelik in die Bybel opgeteken gestaan het. Hy het niks aan die Bybel toegevoeg nie of daarvan weggeneem nie (Openbaring 22:18-19)!

## **6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

*Aantekeninge.*

### **(1) Die leraars in God se koninkryk moet voldoende toegerus word.**

Die teks sê letterlik: “Elke Skrifgeleerde wat *eens en vir altyd* (aoristus tyd) as 'n dissipel van die koninkryk van God opgelei is ...” Elke leraar (of herder/pastor, oudste/ouderling of arbeider) in die koninkryk van God sou 'n dissipel van die koninkryk van God moet wees! Hy sou persoonlik die koningskap of soewereine heerskappy van Jesus Christus oor sy hart en lewe moet erken (bely). Terwyl 'n Joodse Skrifgeleerde 'n student was van die Ou Testament en veral van alle tradisies (oorleweringe) wat tussen die ballingskap en die tyd van Jesus aan die Wet deur 'n lang ry rabbi's toegevoeg is, moet die Christen Skrifgeleerde (leraar van God se Woord, die Bybel) opgelei word in die aangeleenthede van die koninkryk van God, soos in die Nuwe Testament en veral in die Bergrede en die gelykenisse van Jesus Christus opgeteken staan.<sup>1</sup> Hy moet onderrig wees in die aard van die koninkryk van God, hoe om in die koninkryk van God in te gaan, hoe om in die koninkryk van God te lewe en hoe om die koninkryk van God te verkondig aan ander in die wêreld.

### **(2) Die leraars in God se koninkryk het die verantwoordelikheid om te sorg vir hul eie huishoudings.**

Jesus beskou hierdie leraars en arbeiders wat opgelei is as dissipels van God se koninkryk as beheerders van huishoudings. Hulle is belangrike mense, omdat hulle die verantwoordelikheid het om hul eie familie en die mense wat aan hulle toevertrou is, te versorg. God het sy baie kosbare skatte aan hulle toevertrou (Matteus 2:11; 6:19-21; 12:35; 13:44; 19:21). “Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken” (Matteus 13:11). Die skatte bestaan uit kennis van die Bybel, dit wil sê, kennis oor die christelike leer en lewe. Dit is die verantwoordelikheid en plig van die Christen arbeider om hierdie kennis aan ander mense oor te dra en daarmee te begin in sy eie huisgesin en plaaslike gemeente.

### **(3) Die leraars in God se koninkryk het die vermoë om uit hul voorraad nuwe sowel as ou skatte te voorskyn te haal.**

Die verskille tussen die Joodse Skrifgeleerdes (leraars van die wet) en Jesus Christus is die volgende:

**Jesus Christus het die waarheid gespreek** (Johannes 14:6; 18:37). Die Joodse leraars is gekenmerk deur korrumperte en ontwykende redenerings. Hulle het baie van hul eie menings en besluite as reëls aan God se Wet (Woord) toegevoeg, of het die geestelike betekenis van God se Woord genegeer (Matteus 5:17-48).

**Jesus Christus het oor belangrike sake gepraat**, oor lewe en dood, oor die ewige lewe en die ewige verdoemenis, (Matteus 25:46; sien Paulus in Handeling 20:27,20). Die Joodse leraars het baie tyd aan onbelangrike sake verspil (Matteus 23:23).

**Jesus Christus het sisteem in sy onderrig gehad** (byvoorbeeld die Bergrede en sy ander onderwysings). Die Joodse leraars het beuselagtighede deur hul neus gepraat soos die Talmud ook toon.

**Jesus Christus het mense deur gelykenisse nuuskierig gemaak** (Matteus 13:3-51) en konkrete voorbeelde gebruik (Matteus 5:21 - 6:24). Die toesprake van die Joodse leraars was dikwels so droog soos stof.

**Jesus Christus het gepraat en gehandel (bv. deur sy wondertekens) soos die groot Liefhebber van mense.** Hy was een wat begaan was met die teenswoordige en toekomstige welvaart van sy luisteraars. Die Joodse leraars het 'n groot selfliefde gehad, maar 'n gebrek aan liefde vir ander mense wat uit verskillende Bybelgedeeltes blyk (Matteus 23:1-33).

**Jesus Christus het gepraat en gehandel met gesag**, omdat sy boodskap en krag direk vanuit die hart en denke van God die Vader (en dus uit sy goddelike natuur) en uit die Skrifte voortgekom het (Matteus 5:17-18; 7:28-29; 21:12-14; Johannes 12:49-50). Die Joodse leraars het steeds die woorde van 'n ander leraar aangehaal wat ook weer ander leraars aangehaal het! Jesus het water uit die Bron van Lewende Water geskep, terwyl die Joodse leraars geprobeer het om water uit gebreke waterbakke te skep (Jeremia 2:13).

Die leraars en arbeiders van God se koninkryk moet voortdurend lewende water drink wat Jesus Christus gee (Johannes 4:14; Openbaring 22:1,17). Deur God se genade moet hulle steeds vars en kreatief bly deur die ou en nuwe waarhede in die Bybel op die nuwe omstandighede van elke dag toe te pas.

---

## **B. DIE GELYKENIS VAN DIE ARBEIDERS EN DIE OES**

*Lees* Matteus 9:35-38.

### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

---

<sup>1</sup> Daarom is die studie van die gelykenisse in DOTA so belangrik!

## Aantekeninge.

---

**Die oes.** Die oes bestaan uit die grootste akker wat bestaan, naamlik, alle lande van die wêreld. Die opkomende graanoes het voortdurend aandag nodig om dit gereed te maak vir die oestyd. Daar bly voortdurend baie om te doen (saai, plant, watergee, onkruid trek, afskerm teen die son, beskerm teen diewe en roofvoëls, ens.).

**Die arbeiders.** Die arbeiders is dagloners wat elke dag gehuur word om op die groot akker te werk. Maar in hierdie gelykenis is daar te min arbeiders.

---

## **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

### Aantekeninge.

#### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 9:35-36.**

Dit is 'n kort samenvatting van die Groot Galilese Bediening van Jesus Christus. Dit staan opgeteken in Matteus 4:12 tot 15:20 en het plaas gevind tussen Desember 27 n.C. en April 29 n.C.. “Jesus het rondgegaan deur heel Galilea, het hulle in hul sinagoges geleer, en het die evangelie van die Koninkryk verkondig, en Hy het elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak” (Matteus 4:23; 9:35). Hy het gesê, “Die tyd het aangebreek, en die Koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15). En Hy het dissipels gemaak en gesê, “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak” (Markus 1:17). Die skare mense het met entoesiasme gereageer, maar die Fariseërs en Skrifgeleerdes het Hom met 'n groeiende haat weerstaan.

Jesus “het hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos, soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort. om arbeiders uit te stuur vir sy oes” (Matteus 9:36-38).

**Moeg.** Die woord in Grieks beteken: die huid “afstroop”. Dit word gebruik om die skare mense in Israel te beskrywe wat deur die Fariseërs en Skrifgeleerdes geteister, onder druk geplaas, afgemat, verward en misbruik is (Matteus 11:28) omdat hulle 613 mensgemaakte wette aan die mense opgelê het: wette oor Sabbatte, godsdienste, gebedsrieme op voorhoof en voorarm, lang kwaste (tossels) aan hul klere en gebedsdoeke om hul hoofde, ens. (Matteus 23:4-5). Hierdie godsdienstige leraars was blinde gidse wat die mense mislei het (Matteus 15:14). Daarteenoor lê Jesus Christus die nadruk op die belangrikste sake in die Wet, naamlik die reg, die barmhartigheid en die geloof (Matteus 23:23).

**Hulpeloos.** Die woord in Grieks beteken: “neergewerp”, “hulpeloos op die grond lê”, afgemat en verlore, ontmoedig en verlate!

**Skape sonder 'n wagter (herder).** Die skare van mense in Israel was soos skape sonder 'n wagter, onversorg, onbeskerm en wat deur niemand gesoek word nie (Esegiël 34). Hulle het uitgeput gelê en het slagoffers van roofdiere, wind en weer, honger en dors geword. Wat hulle nodig gehad het was ware gidse/leiers en wagers/herders/pastore met ontferming!

Op hierdie punt vertel Jesus die gelykenis van die arbeiders en die oes.

#### **(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 9:37.**

#### **(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 9:38 en Matteus hoofstuk 10.**

In Matteus hoofstuk 9 spoor Jesus Christus sy dissipels aan om te bid vir 'n baie groter aantal arbeiders. En in Matteus hoofstuk 10 het Hy sy dissipels afgerig (geleer) om arbeiders te word!

---

## **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

### Aantekeninge.

Jesus gee aan geen van die details enige besondere betekenis. Daarom moet die details vanuit die verhaal en die verband afgelei word.

**Die oes.** In hierdie konteks het Jesus na die skare mense in Israel gekyk. “Die oes” verteenwoordig alle verlore mense in Israel (Matteus 10:6). Maar in die toepassing verwys dit ook na alle verlore mense in die wêreld (Matteus 24:14; 28:18-20). Dit is 'n relevante detail.

**Die arbeiders.** In hierdie konteks het Jesus Christus na die mense wat God die Vader sou uitstuur na die verlore mense in die volk van Israel (Matteus 10:5-7) en die verlore mense in alle ander lande in die wêreld verwys (Matteus 10:5-7; 28:18-20). Dit is dus 'n relevante detail.

---

## **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

**Bespreek.** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

*Aantekeninge.*

**Die gelykenis van die arbeiders en die oes in Matteus 9:35-38 gaan oor “getuig in die koninkryk van God”.**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Daar bestaan ’n skerp teenstelling tussen die groot aantal mense wat die oes vorm en die gebrek aan arbeiders wat die oes moet insamel.”**

Om te getuig is een van die grondliggende kenmerke en die spesiale taak van arbeiders van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk bid dat God nog baie meer arbeiders in sy oes sal uitstuur. Jesus het die nadruk gelê op die aantal en die kwaliteit van die arbeiders. Hulle moet bid vir baie meer arbeiders en bid dat hierdie arbeiders deur God (in kontras tot puur menslike organisasies) uitgestuur word. Arbeiders (in die plaaslike gemeente en in die wêreldwye Gemeente) moet deur God toegerus, geroep en aangestel word (in ooreenstemming met wat die Bybel hieroor leer)! hulle moet mense wees wat God liefhet en met ontferming oor die verlore mense in die wêreld bewoë is.

---

**5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

*Lees* Jesaja 55:1-7; 61:1-3; Johannes 3:16; Romeine 10:12-13.

*Ontdek en bespreek.* Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

*Aantekeninge.* Hulle leer almal dat God wil dat die blye boodskap aan verlore mense verkondig word en dat God Hom verbly oor die bekering en verlossing van elke sondaar.

(Sien ook 1 Konings 8:41-43; Psalm 72:8-15; Spreuke 11:30; Daniël 12:3; Miga 7:18-20; Maleagi 1:11; Matteus 22:9; 23:37; 28:19-20; Lukas 15; 19:10; Johannes 10:16; Handeling 4:12; 1 Korintiërs 9:22; 2 Korintiërs 5:20-21; 1 Timoteus 1:15; Openbaring 3:20).

---